

## Maak Jou Eie Spieël.

'n Spieël kan 'n baie interessante fokuspunt in 'n mens se huis wees en nou kan jy sommer self 'n mooi raam aanmekaar slaan. Die *Arts and Crafts*-ontwerp van die spieël kan herken word aan die gebruik van verhoudings, die baie dun deurlooptappe, die manier waarop die dwarsstukke verby die raam steek en die gebruik van tappenne om die lasse aanmekaar te hou.

### **Noodsaaklike gereedskap:**

werkbank met skroef en bankklem, passer, potlood, liniaal, winkel-haak, tapkruishout, klampe, 'n staanboor, 6 mm en 12 mm Forstner-boorpunte, houthamer, 6 mm en 20 mm-skuinskantbeitels, afwerkmes, verdiepskaaf en werkblad, sakmes, 10 mm-groeflem, blokskaaf, klein hamer, skuurblok en skroewedraaier. 'n Kragsskuurder kan ook nuttig wees.

### **Materiaal:**

Dennehout (sien afmetings), PVA-lym, skuurpapier (grade 80 en 150), byewaspoli-toer en rafelvrye katoenlap, spiegelglas (520 x 280 x 5 mm), 6 spieëlknippe met bypassende skroewe, 2 geelkoper-skroefogies en geelkoperprentdraad van geskikte grootte en ontwerp.

### **Afmetings:**

Alle stukke is dennehout. 2 stukke (700 x 100 x 20 mm) vir die lang sye, 2 stukke (500 x 100 x 20 mm) vir die kort sye en 8 x 25 mm lengtes van 12 mm-tappen. As jy die raam groter, maak, sal die hout se dikte en breedte ook groter moet wees.

### **Hoe:**

Neem die twee 500 mm-stukke hout en merk die tapgate se posisie met die winkelhaak 20 mm van die punt af. Stel nou die tapkruishout se spore 8 mm uitmekaar en krap die strepe sodat hulle op die 20 mm dikte gesentreer is.

Doen dit op die teenoorstaande rande en aan albei punte van die hout.



Boor al die tapgate met die staanboor en 6 mm-boorpunt en gebruik dan die houthamer en skuinskantbeitels om die tapgate glad en haaks of te werk.

Werk van albei kante van die tapgate af om die rande skoon te hou. Moenie die kante van die gate beskadig deur die beitel teen die hout te hefboom nie.

Gebruik die winkelhaak, afwerkmes en kruishout om die 100 mm lange tappe af te merk. Monteer die verdiepskaaf op sy blad, sit die 10 mm-groeflem aan die verdiepskaaf, stel die gids op 100 mm en die diepte op 6 mm. Maak 'n reeks snitte om die afval weg te sny. Herhaal die prosedure aan albei kante en albei punte sodat jy met die tappe 8 mm dik eindig.

Verstel die gids tot 10 mm en sny die sponnings vir die spieël aan die binne-agterrande van die raam. Plaas die raam se dele in posisie en gebruik die 12 mm-boorpunt om die tapgate deur die lasse te boor. Kyk of alles haaks is en goed pas en gebruik die blokskaaf om die kopsdraad netjies te kry.

---

### **'n Regte Arts and Craftsspieël.**

---

Sit die raam aanmekaar, drup lym in die geboorde gate en kap die tappenne met die hamer in. Laat die tappenne aan die raam se voorkant uitstaan. Wanneer die lym heeltemal droog is, kan jy die beitel gebruik om drupsels te verwyder en die tappenne se rande effens rond af te werk. Maak seker dat daar nie druppels lym in die sponningshoeke is nie. Skuur die raam mooi glad met skuurpapier.

Laastens, vee alle stof af, poleer die raam met die byewas, sit die spieël aan en skroef die knippe vas wat dit in posisie hou. Draai dan die skroefogies in en heg die hangdraad aan.

**Wenk:** As jy die spieëlglas goed in die raam wil laat pas, is dit die beste om die raam na 'n glaswerker te neem sodat dit gemeet en die glas gesny word om te pas.

Bron: *Vinnige en maklike projekte air die naweek-houtwerker* (Struik), Alan en Gill Bridgewater